Die modus operandi-profiel van die kontant-in-transito-rower as eksklusiewe misdadiger

Hendrik Lochner, Juanida Horne en Mari van Wyk

Hendrik Lochner en Juanida Horne, Departement Polisiepraktyk, Forensiese en Kriminele Ondersoekwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika;
Mari van Wyk, Information and Communication Technology- (ICT-) fakulteit, Tshwane Universiteit van Tegnologie

Opsomming

Mediaberigte en sosiale media toon dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens nie modus operandi-inligting gebruik wanneer misdaad ondersoek word nie. Beeldmateriaal van kontant-in-transito-rooftogte wat deur die publiek met selfone afgeneem en op sosiale media versprei word, is ’n bron van modus operandi-inligting wat opgevolg, aangeteken en ondersoek behoort te word. In hierdie artikel stel ons ondersoek in na die soort modus operandi-inligting oor kontant-in-transito-rowers wat in so ’n stelsel opgeneem behoort te word. Navorsers het 21 onderhoude gevoer met kontant-in-transito-rowers (eksklusiewe rowers) wat skuldig bevind is en tronkstraf uitdien. Die onderhoude was semigestruktureerd en oop vrae is gestel. Die kwalitatiewe studie het bestaande literatuur en data wat uit die 21 onderhoude bekom is, ontleed. Die modus operandi-profielkenmerke van die kontant-in-transito-rower as eksklusiewe misdadiger word uitgelig. In hierdie artikel toon ons dat die modus operandi-kenmerke van ’n oortreder as sy of haar profiel beskou kan word. Indien dit volledig opgeteken word, kan dit help met die identifikasie van voornemende en bestaande kontant-in-transito-rowers. Die modus operandi van die kontant-in-transito-rower bestaan uit drie fases, met unieke kenmerke in elke fase. Hierdie artikel is die eerste in ’n reeks artikels wat beplan word oor die unieke modus operandi van die Suid-Afrikaanse kontant-in-transito-rower.

Trefwoorde: eksklusiewe rower; kontant-in-transito-rooftog; misdaadondersoek; modus operandi, modus operandi-profiel; oortrederidentifikasie

Abstract

The modus operandi profile of the cash-in-transit robber as an exclusive criminal

Media reports and social media show that the South African Police Service does not use modus operandi information when investigating crime. Images of cash-in-transit heists (hereafter: heists, unless otherwise specified) taken by the public on their cell phones and distributed on social media are a source of modus operandi information that should be followed up, recorded and investigated. In this article we examine the type of modus operandi information on cash-in-transit robbers that should be recorded in such a system. The article is based on research for the degree Doctor Litterarum et Philosophia (Lochner 2016) and is the first in a planned series on the unique modus operandi of the South African cash-in-transit robber. Empirical research, as explained by Punch (2014:4) and Maxfield and Babbie (1995:45), was used in this study because there is very little literature on the modus operandi of cash-in-transit robbers. A qualitative approach was applied to facilitate the research process. New information was obtained and compared with existing information which either supported or questioned our findings. Research data was obtained by analysing existing literature in fine detail, and qualitative data was collected through 21 semi-structured interviews with cash-in-transit robbers found guilty of the crime and serving prison sentences. The interviews consisted of open-ended questions to obtain detailed information on their modus operandi for heists. Marshall and Rossman (2011:59) and Flick (2011:89) are of the opinion that qualitative research can include the researcher's experience. The experience and knowledge of one of the researchers who has received specialised in-service training in investigating heists were also used as a data collection method.

The modus operandi profile characteristics of cash-in-transit robbers as exclusive criminals are identified. In this article, we show that the modus operandi characteristics of an offender can be regarded as their profile. If these are recorded in detail, it could help identify potential and existing cash-in-transit robbers. The modus operandi of the cash-in-transit robber consists of three phases, each with unique characteristics.

Each crime has a modus operandi and each criminal has his own modus operandi when planning and executing a crime, as well as after the crime has been committed. However, there are factors influencing the modus operandi of a criminal that we will not examine in this article. Modus operandi information on the planning of a crime and the robber's actions after the crime is in most cases not available; only the criminals themselves can reveal this. However, it can be gathered or obtained in different ways, for example by conducting interviews with offenders found guilty of a particular crime. Sentenced offenders have sound information on the modus operandi that they followed in planning and executing the crime, as well as after the crime. The modus operandi information revealed during these interviews should be recorded on a modus operandi system so that it can be used to identify other offenders.

The identification of an offender is the most important objective of the investigation of crime. In investigating crime, modus operandi is used as a technique to identify the perpetrator. The modus operandi of any criminal arises from his or her individualised techniques, behaviour, methods of operation or actions when planning and executing a crime or after a crime has been committed. In most cases, the modus operandi is observed mainly by an investigating officer, witness, complainant or victim at the scene, after which it is documented.

Any modus operandi information, even information that initially seems trivial, should be recorded. Modus operandi information which the layperson may deem unimportant could at a later stage be the only information that a professional investigating officer can use to identify a known or unknown offender. Regardless of the value that the reader of this article may place on modus operandi information, this information will be worth gold in the hands of a knowledgeable, conscientious and thorough investigating officer.

Cash-in-transit robbers can be classified as exclusive robbers who show no respect for life and use extreme violence to achieve their goal. They operate in groups and are recruited to execute specific tasks and responsibilities during the planning and execution of the crime or after the crime. As the crime is being committed, they leave important modus operandi information behind. Heists are planned carefully and executed very quickly, and group members are recruited for their experience, reliability and specific skills. The careful planning of a heist and group members' meticulous actions when committing the heist make it difficult to identify cash-in-transit robbers.

Because modus operandi information on the planning of a heist and the robbers' actions after the crime is difficult to obtain, it is recommended that the SAPS investigate the possibility of obtaining modus operandi information from sentenced offenders, particularly exclusive criminals or robbers. Zinn (2007, 2003) and Lochner (2016) recommended some time ago that this method of collecting modus operandi information be done on an ongoing basis and in controlled circumstances.

Keywords: cash-in-transit heist; exclusive robber; heist; investigation of crime; modus operandi, modus operandi profile; offender identification

1. Inleiding

Roof met verswarende omstandighede is een van die kontakmisdade wat in Suid-Afrika aan die toeneem is. Die getal gevalle van roof met verswarende omstandighede het van 101 039 in 2010/2011 tot 140 956 in 2016/2017 (oftewel met 39,5%) toegeneem (SAPD 2017:21). Kontant-in-transito-rooftogte (hierna transitorooftogte) word ook geklassifiseer as 'n subkategorie van roof met verswarende omstandighede.

Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se jaarlikse statistieke het transitorooftogte in die 2006/2007-boekjaar'n hoogtepunt bereik, toe 467 voorvalle aangemeld is. Daarna, danksy verbeterde samewerking tussen die polisie en kontant-in-transito-maatskappye, het die aantal voorvalle oor die volgende dekade jaar op jaar afgeneem tot 137 voorvalle in 2015/2016, 'n afname van 70,6%. Dit het geblyk 'n draaipunt te wees vir 'n oënskynlik nuwe krisis. In 2016/2017 het transitorooftogte egter reeds met 11% tot 152 voorvalle toegeneem. Hoewel die polisie se misdaadstatistieke vir 2017/2018 nog nie beskikbaar is nie, dui alles daarop dat hierdie toename sedertdien verskerp het.

Tabel 1. Roof met verswarende omstandighede en kontant-in-transito-roof: misdaadstatistiek 2010 - 2017

	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
Roof met verswarende omstandighede	10 1039	10 0769	105 488	118 963	129 045	132 527	140 956
% Styging in vergelyking met vorige jaar	–	–0,3	4,7	12,8	8,5	2,7	6,4
Kontant-in-transito-roof	290	182	145	145	119	137	152
% Styging in vergelyking met vorige jaar	–	–37,2	–20,3	0	–17,9	15,1	1,9

In hierdie artikel word die modus operandi-inligting van kontant-in-transito-rowers (hierna transitorowers) ondersoek. Berning en Masiloane (2012:88) het bewys dat ’n duidelike, funksionele modus operandi-stelsel nie deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens in stand gehou en bygewerk word nie.

Een van die hoofoogmerke van misdaadondersoeke is om die misdadiger te identifiseer, en ondersoekbeamptes het inligting en bewyse nodig om dit te doen (Birzer en Roberson 2012:28). Inligting en bewyse speel ’n belangrike rol in die sukses van ’n misdaadondersoek. As geen bewyse op die misdaadtoneel of tydens die ondersoek gevind word nie, moet ondersoekbeamptes ander metodes gebruik om inligting en bewyse te vind of te genereer (Marais 1989:1). Een van hierdie metodes behels die gebruik van modus operandi-inligting. Hierdie artikel voer aan dat modus operandi-inligting objektiewe én subjektiewe inligting kan insluit. Subjektiwiteit is nie net die gevolg van ooggetuies se vertolkings nie, maar ook van die subjektiewe wyse waarop ’n misdaadtoneel ondersoek word en/of bewyse geïdentifiseer en gedokumenteer word.

Daar is wel al navorsing oor modi operandi gedoen, maar daar is nie veel inligting beskikbaar oor die aanwending van ’n modus operandi-profiel in misdaadondersoeke nie. Die artikelskrywers is bewus daarvan dat ander navorsers in Suid-Afrika verslag gedoen het oor modus operandi-inligting rakende bankroof (Maree 2008) en ander gevalle van roof met verswarende omstandighede, insluitende kontant-in-transitorooftogte (Thobane 2014), motorkapings (Zinn 2003) en huisrowe (Zinn 2007). Hierdie navorsers fokus egter nie op dieselfde aspekte as Lochner (2016) nie. Ons dra ook kennis van internasionale navorsing oor die modus operandi van transitorowers, maar hierdie artikel handel slegs oor die Suid-Afrikaanse konteks.

’n Modus operandi word in drie fases verdeel, en hierdie artikel fokus op bepaalde aspekte van die profiel van die transitorower as eksklusiewe rower. Ons voer aan dat dié profiel deel is van ’n misdadiger se modus operandi-profiel.

2. Navorsingsmetodologie

Die artikel is gegrond op navorsing vir die graad Doctor Litterarum et Philosophia (Lochner 2016). Empiriese navorsing soos verduidelik deur Punch (2014:4) en Maxfield en Babbie (1995:45) is vir die ondersoek ingespan omdat daar baie min literatuur oor die modus operandi van transitorowers beskikbaar is. ’n Kwalitatiewe benadering is gevolg om die navorsingsproses te fasiliteer. Nuwe inligting is bekom en vergelyk met bestaande inligting wat ons bevindinge óf ondersteun óf bevraagteken. Navorsingsdata is bekom deur bestaande literatuur in fyn besonderhede te ontleed, en kwalitatiewe data is ingesamel tydens 21 onderhoude met transitorowers wat aan die misdaad skuldig bevind is en tronkstraf uitdien. Semigestruktureerde onderhoude is met hierdie rowers gevoer en oop vrae is gestel om diepgaande inligting oor hulle modus operandi vir transitorooftogte te bekom.

Elke misdaad het ’n modus operandi en elke misdadiger volg sy eie modus operandi tydens die beplanning en uitvoering van ’n misdaad, asook ná die misdaad gepleeg is. Daar is egter faktore wat die modus operandi van ’n misdadiger beïnvloed wat ons nie in hierdie artikel ondersoek nie. Nie alle inligting oor ’n modus operandi is altyd beskikbaar nie, maar dit kan op verskillende maniere ingesamel of bekom word, byvoorbeeld deur onderhoude te voer met oortreders wat aan ’n bepaalde misdaad skuldig bevind is. Gevonniste oortreders beskik uiteraard oor grondige inligting aangaande die modi operandi wat hulle gevolg het tydens die beplanning en uitvoering van die misdaad, asook na afloop van die misdaad.

Marshall en Rossman (2011:59) en Flick (2011:89) is van mening dat kwalitatiewe navorsing die navorser se ervaring kan insluit. Die ervaring en kennis van een van die navorsers wat gespesialiseerde indiensopleiding in die ondersoek van transitorooftogte gekry het, is as data-insamelingsmetode gebruik.

3. Definisies

Kontant-in-transito-roof is die onwettige en opsetlike verwydering en toe-eiening van roerende bates of kontant deur middel van geweld terwyl die roerende bates of kontant in die beheer is van die instelling wat dit bestuur en hanteer (Maree 2008:1).

Misdaadondersoek is ’n gesistematiseerde soeke na die waarheid wat daarop gemik is om misdaad deur die toepassing van die Strafproseswet 51 van 1977 op te klaar en die waarheid daaragter vas te stel (Lochner 2014:6).

Volgens Zinn en Dintwe (2015:447) is ’n modus operandi die wyse waarop ’n oortreder ’n misdaad beplan en uitvoer.

Roof behels die diefstal van eiendom deur die wederregtelike gebruik van geweld of dreigemente van geweld om die besitter te oorreed om van ’n item of items afstand te doen (Joubert 2010:149).

4. Misdaadondersoek en modus operandi

Osterburg en Ward (1992:41), Palmiotto (2013:4) en Siegel (2011:4) beskou ’n misdaadondersoek as ’n denkproses met ’n enkele oogmerk, naamlik om feite en feitelike inligting in die vorm van objektiewe en subjektiewe bewyse te bekom. Lochner en Zinn (2015:10) skryf dat hierdie proses die goue reël van ondersoeke is en dat dit die stelselmatige blootlegging, insameling, voorbereiding, identifisering en aanbieding van alle toepaslike feite en feitelike inligting, ook modus operandi-inligting, insluit. Misdaadondersoeke word onderneem om vas te stel wat die waarheid is. ’n Misdaadondersoeker met ’n goeie denkvermoë samel feite en feitelike inligting in om ’n drieledige doel te bereik: om die skuldige persone te identifiseer; om hulle op te spoor; en om hulle skuld deur middel van feite, inligting en bewyse te bepaal (O’Hara en O’Hara 1981:5; Osterburg en Ward 2014:5). Benson, Jones en Horne (2015:19) en Dutelle (2011:6) sê dat misdaadondersoeke *die stelselmatige soeke na die waarheid en inligting*, asook *die identifisering van die oortreder*, insluit. Hierdie begrippe is die kern van misdaadondersoeke.

4.1 Die stelselmatige soeke na die waarheid

Lochner (2014:6), Lochner, Zinn en Horne (ter perse) en Van Rooyen (2012:13) voer aan dat ’n misdaadondersoek ’n behoorlike, stelselmatige, geordende soeke na die waarheid is. Volgens hierdie skrywers is ’n misdaadondersoek ’n gesistematiseerde ondersoek wat onderneem word om objektiewe en subjektiewe bewyse in te samel. Soveel inligting as moontlik word stelselmatig oor ’n beweerde misdaad en die misdadiger bekom. Getuies en oortreders word geïdentifiseer. Benson e.a. (2015:19), Lochner (2014:6) en Monckton-Smith, Adams, Hart en Webb (2013:2) lê ’n verband tussen die stelselmatige soeke na die waarheid en die metodes en tegnieke wat gebruik word om objektiewe en subjektiewe inligting in te samel. Objektiewe en subjektiewe inligting moet op ’n wettige wyse bekom word deur tradisionele metodes van inligting- en bewysinsameling (Dutelle 2011:6).

Lochner (2014:7), Lochner e.a. (ter perse) en Van der Westhuizen (1996:1) omskryf objektiewe inligting as feitelike bewyse of die woordelose (“mute”), indirekte en fisiese of omstandigheidsbewyse. Dit is gewoonlik die fisiese getuienis wat op die toneel self versamel is en in sommige gevalle ontleed word. Subjektiewe inligting is inligting wat bekendgemaak word deur mense (slagoffers, klaers, getuies of oortreders) wat direk of indirek by die misdaad betrokke was. Swanson, Chamelin en Territo (2003:35) is van mening dat die soeke na objektiewe en subjektiewe inligting ’n groter reikwydte behoort te hê; dit moet byvoorbeeld ook die oortreder se modus operandi-inligting ondersoek en aanwend.

Labuschagne (2015:256), Marais en Van Rooyen (1990:10), Marais (1992:1) en Zinn (2007) beskou modus operandi as een van die wettige metodes wat ingespan kan word om inligting in te win en die waarheid te bepaal. Lochner (2016:78) voer aan dat modus operandi-inligting objektief of subjektief kan wees – die bron van die modus operandi-inligting bepaal of dit subjektief of objektief is (Lochner 2016:78, 265):

- Subjektiewe inligting: Die gedrag en optrede van ’n oortreder op ’n toneel kan subjektief waargeneem, oorgedra en gedokumenteer word.
- Objektiewe inligting: Dit is modus operandi-inligting in die vorm van byvoorbeeld afgevuurde koeëldoppies of ’n kombinasie van verskillende afgevuurde doppies wat op ’n toneel geïdentifiseer en vir ontleding versamel word.

Modus operandi-inligting kan ondersoekers in staat stel om die oortreder te identifiseer en om die verband tussen die oortreder en die misdaadtoneel, die oortreder en die slagoffer, of die slagoffer en die plek waar die misdaad beplan en gepleeg is, te identifiseer (Bartol en Bartol 2014:37; Girard 2011:37; Lochner e.a., ter perse).

4.2 Identifisering van 'n oortreder

Marais (1992:4) en Lochner e.a. (ter perse) is van mening dat die identifikasie van die dader 'n baie moeilike en kontroversiële aangeleentheid is omdat daar in die verlede al soveel verkeerde identifikasies gemaak is op grond van mense se subjektiwiteit. Ons handhaaf die tradisionele beskouing dat alle objektiewe en subjektiewe inligting versamel en ondersoek moet word sodat die dader geïdentifiseer en met die misdaad verbind kan word. Geen ondersoek kan as suksesvol beskou word as 'n dader nie geïdentifiseer en voor die hof gebring is nie (Marais 1992:4). Daar is verskeie maniere waarop daders geïdentifiseer kan word, byvoorbeeld deur ooggetuies, persoonlike beskrywings, uitkenningsparades en foto-uitkennings, of uitkenning op grond van 'n oortreder se stem of modus operandi (Van Graan en Budhram 2015:59).

Labuschagne (2015:278), 'n geweldsmisdaadnavorser en -ondersoeker, voer aan dat elke misdaad 'n modus operandi het waardeur die dader geïdentifiseer kan word. Dader-identifikasie is die positiewe identifikasie van die persoon wat die misdaad gepleeg het, en hierdie persoon kan nie daarsonder opgespoor word nie (Van Heerden 1986:189; Bennett en Hess 2004:4).

In Suid-Afrika word modus operandi onder die leerstelling van soortgelyke feite tydens hofsake aangebied. Daar is egter streng vereistes en regsreëls vir die aanbieding van modus operandi-inligting tydens hofsake wat ons nie in die artikel bespreek nie.

5. Modus operandi

Soos reeds hier bo genoem, is 'n modus operandi die wyse waarop 'n misdaad gepleeg word of die patroon wat 'n oortreder volg wanneer hy of sy 'n misdaad pleeg (Zinn en Dintwe 2015:447). Luidens Bell (2002:165) ontwikkel 'n misdadiger se modus operandi met verloop van tyd op grond van die sukses wat hy of sy behaal en die foute wat hy of sy maak. 'n Modus operandi word in drie fases verdeel, naamlik die beplanning van die misdaad, die uitvoering van die misdaad en optrede (gebeure) na afloop van die misdaad. Modus operandi-inligting is inligting oor die misdadiger se aksies en gedrag gedurende hierdie fases. Modus operandi-inligting oor die uitvoeringsfase is gewoonlik sigbare bewyse wat deur die misdadiger op 'n misdaadtoneel agtergelaat en deur slagoffers, klaers en getuies waargeneem word. Sulke inligting word deur 'n ondersoekbeampte opgeteken. Die eksklusiewe misdadiger (sien afdeling 6 hier onder) vlug gewoonlik van die misdaadtoneel sonder om modus operandi-inligting agter te laat.

Robert Heindel was die eerste persoon wat die modi operandi van oortreders aangeteken en gebruik het. Hy het die werkswyse van persone wat by huise in Duitsland ingebreek het, aangeteken, geklassifiseer en ontleed (Fosdick 1916:565). Sy inligtingsbronne was

koerantberigte, polisieverslae en onderhoude met polisiebeamptes. Hy het ook onderhoude gevoer met inbrekers in aanhouding in korrektiewe sentra in Duitsland.

Modus operandi-inligting word deurlopend sedert die laat 1930's in Engeland aangeteken en wêreldwyd in misdaadondersoeke gebruik (Osterburg en Ward 2010:146). Volgens majoor Atcherley, die grondlegger van die modus operandi-stelsel, volg die misdadiger 'n deurlopende, stereotiepe patroon wanneer hy of sy 'n misdaad pleeg; misdadigers gebruik geïndividualiseerde tegnieke wat as modus operandi-inligting op 'n stelsel aangeteken word (Marais en Van Rooyen 1990:67).

5.1 Modus operandi as 'n profielkenmerk van 'n oortreder

Daar is uiteenlopende omskrywings van die term *modus operandi*. Sekere navorsers beskou 'n modus operandi as die profiel van die misdadiger (Marais 1989:460; Marais en Van Rooyen 1990:66). Kenny en More (2001:265), Ramsland (2001:166), Jackson en Jackson (2010:378), Scott (1978:22) en Zinn (2007:82) verklaar dat 'n oortreder se modus operandi voor, tydens of ná die misdaad altyd bestaan uit dieselfde herkenbare aksies, gewoontes, patrone, handelinge, handelswyses, gedrag, skelmstreke, vermommingstegnieke, geheime taal of skrif, of ander herkenbare elemente. Scott (1978:22) noem dit die profiel van die dader; volgens hom is hierdie profiel net so identifiseerbaar soos vingerafdrukke. Becker (2009:281) voer aan dat 'n rower op grond van hierdie profielinligting geïdentifiseer kan word. Volgens Zinn (2017:19) beskryf 'n profiel die demografiese eienskappe van die mees waarskynlike persoon wat as die verdagte geïdentifiseer kan word.

Hoe meer inligting in 'n profiel beskikbaar is, hoe akkurater is die profiel uiteraard en hoe groter word die moontlikheid dat die verdagte persoon se profiel ooreenstem met aangetekende modus operandi-inligting. Dit is juis waarom Lochner (2016) en Zinn (2007, 2003) aanbeveel dat daar met gevonniste oortreders onderhoude gevoer moet word en dat die profielkenmerke van oortreders aangeteken moet word. In wese stel die samestelling van profiele en modi operandi ondersoekbeamptes in staat om modus operandi-inligting te gebruik om misdadigers met sekerheid te identifiseer (Becker 2009:281).

Volgens James en Nordby (2005:606) word modi operandi deur aanklaers en ondersoekbeamptes gebruik om sake met mekaar te verbind en om beskuldigdes in verskeie sake gelyktydig aan te kla en te verhoor. Modus operandi-inligting word ook met sukses gebruik om alibi's te bevestig of te weerlê (James en Nordby 2005:606; Osterburg en Ward 2010:121). Modi operandi word gebruik wanneer ondersoekbeamptes moet besluit na watter bewyse op tonele hulle moet soek, en speel 'n rol in die verdeling en toewysing van ondersoekhulpmiddels. As modi operandi-inligting aan bepaalde vereistes voldoen, kan dit in die hof as getuienis teen beskuldigdes aangebied word op grond van die leerstelling van soortgelyke feite (Osterburg en Ward 2010:121). Die sukses van die gebruik van modi operandi hang egter af van die wyse waarop modus operandi-inligting aangeteken word.

5.2 Die aantekening van modus operandi-inligting

'n Modus operandi-lêer moet op 'n ordelike, pligsgetroue, wetenskaplike en gestruktureerde manier bygehou word. Die inligting daarin moet deeglik geklassifiseer en bestudeer word om van enige waarde te wees (Berg en Horgan 1998:103; Weston, Lushbaugh en Wells 2000:39;

Zinn 2007:84). In die lêer word die profielinligting van misdadigers per hand of met ’n rekenaar aangeteken.

Bartol en Bartol (2014:37, Berg en Horgan (1998:103), Lochner (2016:298) en Weston e.a. (2000:39) stel voor dat ’n modus operandi-lêer uit twee afdelings moet bestaan, naamlik ’n afdeling vir modus operandi-inligting oor misdade waar die misdadiger nog nie geïdentifiseer is nie, en ’n afdeling met modus operandi-inligting oor geïdentifiseerde, gearresteerde en gevonniste oortreders. Lochner (2016:297) en Zinn (2007, 2003) beveel aan dat ook modus operandi-inligting wat deur gevonniste oortreders geopenbaar word, in ’n modus operandi-lêer bygehou word, omdat modus operandi-inligting oor misdaadbeplanning en -uitvoering eers ná die misdaad bekend word.

Tradisionele modus operandi-inligting wat tans slegs die uitvoeringsfase van ’n misdaad dek en aangeteken word, sluit die volgende in (Berg en Horgan 1998:106–7; Osterburg en Ward 2010:148, Palmiotto 2004:253; Pepper 2010:22; Turvey 2012:336):

- die tipe misdaad
- die dag, tyd en plek van die misdaad
- in die geval van diefstal, die soort eiendom wat gesteel is
- die kenmerke van die persoon wat as slagoffer geteiken is
- die skelmstreke wat deur die oortreder gebruik is
- die verdigsel wat die oortreder aangebied het om toegang tot ’n plek of perseel te verkry
- ander eienaardighede wat geopenbaar is ten tye van die misdaad
- die manier waarop die aanval uitgevoer is
- ’n voertuig of voorkeurvoertuig wat gebruik is
- wat die verdagte ten tye van die misdaad op die toneel gesê het
- die getal misdadigers op die toneel
- die roete na en van die toneel
- vooraf-versamelde inligting deur die ondersoekers en die versameling van misdaadtoneelinligting
- die metodes wat gebruik is om slagoffers op die toneel te beheer
- in die geval van ’n moord, die metode wat gebruik is om die slagoffer te vermoor
- die wyse waarop die misdaad beplan is.

’n Oortreder se modus operandi-kenmerke kan as sy of haar profiel beskou word. Die klassifikasie, eienskappe en profiel van ’n transitorower (’n eksklusiewe rower) is dus die belangrikste modus operandi-inligting wat bekend word wanneer hy of sy ’n misdaad pleeg.

6. Klassifikasie van die gevonniste transitorower

Rowers word deur navorsers as professionele of amateurrowers geklassifiseer (Gilbert 2009:210; Becker 2009:276; Palmiotto 2004:235). Kenny en More (2001:282) plaas professionele rowers in drie groepe, naamlik: die langtermyn-gewoontemisdadiger (rower) of eksklusiewe rower; die gewone rower; en die gevaarlike rower. ’n Transitorower word volgens hierdie klassifikasie as ’n eksklusiewe rower geklassifiseer en derhalwe word die klassifikasie van die eksklusiewe rower in hierdie artikel bespreek.

6.1 Eienskappe van die eksklusiewe rower

Eksklusiewe rowers se kriminele loopbane strek ten minste oor ’n tydperk van een derde van hulle lewens. Eksklusiewe rowers roof wanneer die risiko om geïdentifiseer te word baie klein is en dit finansieel die moeite werd is om ’n bepaalde rooftog uit te voer. Rooftogte word deeglik beplan en vinnig uitgevoer (Becker 2009:276). Daar word in ’n groep opgetree, en take en verantwoordelikhede word verdeel (Weston e.a. 2000:266). Die eksklusiewe rower het uitstekende vaardighede in die hantering van voertuie en wapens (Berg en Horgan 1998:250). Volgens Lasley, Guskos en Seymour (2014:361) en Berg en Horgan (1998:249) stel eksklusiewe rowers selfs ander professionele rowers aan om bepaalde take te verrig, byvoorbeeld om voertuie volgens ’n voorafbepaalde besigheidsplan tydens rooftogte te bestuur .

Volgens Lochner (2016) toon eksklusiewe rowers geen respek vir menselewens nie. Wat eksklusiewe rowers egter van alle ander rowers onderskei, is die vermoë om inligting te bekom of te ontwikkel en om beamptes in die stafregstelsel om te koop.

Marais (1989:47) se siening is dat slegs ’n klein persentasie van misdadigers eksklusiewe rowers is. Lochner (2016:263) meen dat transitorowers eksklusiewe rowers is en stem saam dat hulle slegs ’n baie klein persentasie van alle rowers uitmaak. Volgens Marais (1989:47) kan ondersoekers uit modus operandi-inligting vasstel wanneer ’n eksklusiewe rower by ’n misdaad betrokke was; die voordeel hiervan is dat die getal verdagtes na wie gesoek word, dan kleiner word.

Ter stawing van ons standpunt dat ’n transitorower as ’n eksklusiewe rower geklassifiseer kan word en modus operandi-inligting aangeteken moet word, kombineer ons bogenoemde inligting met die inligting wat Lochner (2016) tydens sy onderhoude met gevonniste transitorowers bekom het. Die oogmerk is om die belangrikste modus operandi-inligting oor die beplanning en uitvoering van die misdaad, asook oor gebeure na afloop van die misdaad, in die modus operandi-profiel uit te wys, want sulke inligting is nie altyd geredelik beskikbaar nie.

6.2 Die profiel van die transitorower as eksklusiewe rower

Volgens Lochner (2016:267) is dit hoogs waarskynlik dat die profiel van die gevonniste transitorower beskou kan word as die profiel van die tipiese transitorower in Suid-Afrika. Die rede vir hierdie argument is dat transitorowers nie gebiedsgebonde is nie; hulle voer transitorooftogte uit oor provinsiale grense heen. Boonop lei die unieke samestelling van die transitogroep daartoe dat vir verskillende rooftogte die groep nooit uit dieselfde lede bestaan nie.

6.3 Biografiese modus operandi-inligting

Gebaseer op die onderhoude wat Lochner (2016:269) met 21 gevonniste transitorowers gevoer het, was die meerderheid van hulle getroud ten tye van hulle arrestasie en hulle het almal kinders gehad. Daar is sterk aanduidings dat die transitorower as ’n gesinsman beskou kan word.

Die meeste transitorowers het graad 12 geslaag. Sommiges het vir naskoolse kwalifikasies geregistreer, maar nie een het verdere kwalifikasies verwerf terwyl hulle misdade gepleeg het nie. Die oorgrote meerderheid het ’n wettige inkomste verdien en ’n vaste betrekking beklee terwyl hulle transitorooftogte uitgevoer het. Die feit dat transitorowers ten spyte van hulle vaste betrekkings steeds by hierdie soort rooftogte betrokke is, dui onder meer op geldgierigheid.

6.4 Langtermyn-misdaadloopbaan

Gebaseer op die onderhoude wat Lochner (2016:79) met die 21 gevonniste transitorowers gevoer het, is die gemiddelde ouderdom by arrestasie van die rowers wat gevangenisstraf uitdien, 35 jaar en 5 maande. Die gemiddelde ouderdom toe hulle die eerste keer met die SAPD gebots het, is 22 jaar, alhoewel hierdie ouderdom wissel van 15 tot 36 jaar. Die helfte van die respondente was nog minderjarig toe hulle die eerste keer met die polisie gebots het. Ook hieruit kan ’n mens aflei dat transitorowers eksklusiewe rowers is en dat hulle misdaadloopbane voor arrestasie oor ’n tydperk van net meer as ’n derde van hulle lewens strek. Die volgende direkte aanhaling uit ’n onderhoud met ’n transitomisdadiger dien as bewys van die transitorower se verbinding tot ’n lang misdaadloopbaan:

> I was arrested for car theft, housebreakings ... I started to steal cars at the age of 15 ... I would lie if I say it is less than 50 housebreakings ... cars forgot, I forgot but it is thousand, ... the cars are something that I have done more than I have done house robbery ... it is something that I have specialised in.

Transitorowers pleeg verskeie misdade oor ’n lang tydperk en hulle misdade word nie beperk tot ’n enkele geografiese gebied of provinsie nie. Die gemiddelde tydperk wat hulle by transitorooftogte betrokke is voordat hulle gearresteer word, is 13 jaar. Hulle lang misdaadloopbaan sluit onder andere die volgende geweldsmisdade en misdade teen die persoon in: bankroof, transitorooftogte, die roof van besighede en persone in besighede, motorkapings, casino-rooftogte, die roof van kontantsentrums en vragmotorkapings. Eiendomsmisdaad as deel van die langtermyn-misdaadgeskiedenis sluit in bedrog, motor-, kontant- en fietsdiefstal, en huisbraak. Misdade teen die regspleging sluit in omkopery en afpersing, terwyl misdade teen die persoon moord en menseroof behels.

Hoewel finansiële oorwegings en geldgierigheid die vernaamste redes is waarom transitorowers oor ’n lang tydperk misdade pleeg, is daar prominente redes vir misdaadpleging oor ’n lang tydperk, naamlik:

- die invloed van vriende en die beeld van bekende misdadigers
- die handhawing of nastreef van ’n spesifieke leefstyl
- groter ervaring namate meer misdade gepleeg word
- die status wat ’n transitorower in die hiërargie van misdadigers beklee.

Transitorowers promoveer hulself na ’n hoër vlak van kriminaliteit deur ernstiger misdade wat ’n groter finansiële opbrengs lewer, te pleeg. Hulle glo hulle beklee hoër posisies in die denkbeeldige hiërargie van misdadigers omdat hulle ’n lang geskiedenis van misdaadpleging en ekstreme gewelddadigheid het, soos die volgende aanhaling toon:

> [O]ther people see you as below them if you are doing petty crimes ...

'n Uitstaande kenmerk van eksklusiewe rowers is dat hulle hul aksies voor en ná 'n misdaad tot in die fynste besonderhede beplan. Inligting hieroor is normaalweg nie deel van die modus operandi-inligting wat op 'n misdaadtoneel waargeneem word nie en word slegs tydens onderhoude met gevonniste oortreders bekend.

6.5 Finansiële gewin en die risiko van mislukking

Sommige ervare transitorowers het in die verlede meer as R100 miljoen deur die loop van hulle misdaadloopbane gebuit (Lochner 2016). Ervare rowers beskou 'n buit van R2 miljoen as onvoldoende en niewinsgewend. Nadat daar ooreengekom is dat die hoeveelheid kontant wat geroof kan word, die moeite werd is, dat die risiko van mislukking laag is, en dat opsporing en arrestasie vermy kan word, word ander beskikbare inligting ontleed. Hierdie ontleding en deeglike beplanning word gedoen om te bepaal hoe die beskikbare inligting bekom is, watter verdere inligting nodig is en hoe die inligting ingesamel kan word. Dit neem vyf tot 17 maande om 'n transitorooftog noukeurig te beplan. Bepaalde ondersoekaksies word herhaaldelik deur verskillende lede van die bende onderneem om verdere inligting in te win, die risiko van identifikasie te verminder en die kans op sukses te verhoog. Hierdie aksies sluit die bestudering en ondersoek van die volgende in:

- Die ontwerp en ligging van die perseel waar die rooftog uitgevoer gaan word indien sekuriteitsbeamptes buite die transitovoertuig oorrompel gaan word.
- Die plek waar die rooftog uitgevoer gaan word indien die transitovoertuig in beweging is.
- Die ontplooiing van transitobeamptes (sekuriteitspersoneel) tydens die op- of aflaai van kontant en hulle paraatheid.
- Die bewapening van die transitobeamptes.
- Die ontwerp van die transitovoertuig, insluitende die grootte van die voertuig, enjinkapasiteit, skietgate (getal en posisies), sekuriteitstelsels en die aantal transitobeamptes in die transitovoertuig.
- Die getal transitobeamptes in die begeleidingsvoertuig indien die transitovoertuig begelei word.
- Die voertuie wat deur die rowers in die rooftog gebruik word. Hierdie voertuie word gesteel of geroof, maar die rowers is nie by hulle diefstal betrokke nie. Die roof of diefstal van hierdie voertuie word aan bekende motorkapers of -diewe uitgekontrakteer. Die tipe voertuig wat gebruik word, hang af van die metodes wat gevolg word om die rooftog uit te voer. Groot en luukse voertuie is met lugsakke toegerus om die veiligheid van die bestuurder en passasiers tydens botsings te verseker. Ligte afleweringsvoertuie met 'n groot enjinkapasiteit, wat transitorowers *indiza* noem, word gebruik om geld wat van die misdaadtoneel gebuit is, te vervoer. Paneelwaens en minibusse word ook in rooftogte gebruik sodat die rowers so onopsigtelik as moontlik vervoer word wanneer hulle die toneel verlaat; dit voorkom moontlike uitkenning later. Hierdie voertuie word ook gebruik wanneer die rowers van voertuie verwissel wanneer hulle van die misdaadtoneel af vlug.
- Die vuurwapens wat nodig is om transitosekuriteitsbeamptes of polisiebeamptes wat by die toneel opdaag, te oorweldig of die rooftog suksesvol uit te voer. Transitorowers se voorkeurvuurwapens is outomatiese wapens. Die berugte AK47 is hulle gunstelingwapen.
- Die beskikbaarheid van regsverteenwoordigers op kort kennisgewing.

- Die beskikbaarheid en ligging van ’n veilige skuilplek (“safe house”) waar beplanning gedoen kan word en die buit ná die misdaad verdeel word. ’n Veilige skuilplek word nie lukraak gekies nie. Dit word gekies net indien dit vir almal wat aan die bespreking en beplanning deelneem, aanvaarbaar is. Die finale besluit hieroor word gewoonlik die nag voor die rooftog geneem. Die voorkeurligging van skuilplekke is in die voorstede; townships word vermy.
- Die rol van en besoeke aan ’n tradisionele geneser. Transitorowers lê meer as een besoek aan ’n tradisionele geneser af voor die rooftog uitgevoer word. Dié geneser word nie lukraak gekies nie en moet aan minstens een van die lede van die transitogroep bekend wees. Hy of sy word ook nie die eerste keer deur die hele transitogroep besoek nie.
- Die samekoms van die groep die nag voor die rooftog. Kontak met vroue (alhoewel hulle ’n rol kan speel in die uitvoering van die rooftog), drank en selfoonkommunikasie is taboe. Die groep verkeer in isolasie en daar is geen kontak of kommunikasie met enige persoon buite die groep nie.
- Die roetes na die toneel en ontsnappingsroetes. Transitorowers beplan in fyn besonderhede hoe hulle van die misdaadtoneel af gaan vlug en dié planne word noukeurig gevolg tensy iets drasties gebeur. Ontsnaproetes word deeglik bestudeer en verken lank voor die rooftog uitgevoer word. Selfoonontvangs, die toestand van paaie, verkeersvolumes en verkeersligte word in aanmerking geneem.
- Tegnieke om die polisie op ’n dwaalspoor te plaas en ontsnapping te vergemaklik. Ontvlugtingsvoertuie word in verkeerde rigtings op voorafbeplande plekke gelaat. Die rol van vroue om verkeerde rigtings aan te dui word ook oorweeg en gebruik waar nodig.
- Die gebruik van vroue as inligtingsbronne, waarnemers en misleidingsbronne.
- Die korruptering van persone in die strafregstelsel. Hierdie punt word later in meer besonderhede bespreek.

Die noukeurige ondersoeke word gedoen om te verhoed dat die rowers langer as tien minute op die misdaadtoneel bly. Tien minute is die langste wat hulle daar mag bly en in sommige gevalle word daar opgetree teen rowers wat die tyd oorskry of veroorsaak dat die res van die groep die tyd oorskry. Die rowers laat soms kontant op die toneel agter eerder as om langer as tien minute daar te vertoef. Kontant word ook agtergelaat om omstanders te lok met die uitsluitlike doel om die misdaadtoneel en bewyse te kontamineer.

6.6 Eienskappe van die groep en die leier

Die groep rowers wat aan ’n bepaalde transitorooftog deelneem, word op ’n dinamiese en eiesoortige wyse saamgestel. Die getal rowers word bepaal deur die metode wat gevolg word om die rooftog uit te voer. Die gemiddelde grootte van ’n eksklusiewe transitogroep is 13 rowers, en hulle kry elkeen ’n spesifieke taak wat hulle voor, tydens en ná die rooftog moet uitvoer. Die rowers se take sluit die volgende in:

- om die publiek en polisie van die toneel af weg te hou deur hulle wapens te wys of af te vuur
- om ’n botsing met die transitovoertuig te veroorsaak of die transitosekuriteitsbeamptes te immobiliseer
- om vuurwapens op die toneel waar die transitovoertuig tot stilstand gebring is, te gebruik, te toon of af te vuur

- om die transitovoertuig se kluis oop te breek of met plofstof oop te skiet
- om kontant uit die transitovoertuig te haal en in die ontvlugtingsvoertuig te laai
- om ontvlugtingsvoertuie te bestuur.

Niemand word tot die groep toegelaat indien hulle nie bekend is aan minstens twee lede en die leier van die groep nie. Groeplede word op grond van hulle betroubaarheid, ervaring en reputasie gewerf.

Groeplede wat gewerf word, moet oor spesiale vaardighede en karaktereienskappe beskik. Dit sluit in die effektiewe hantering van vuurwapens asook die vermoë om voertuie tydens die rooftog en ontvlugting effektief te bestuur. Lede moet ook vreesloos op die misdaadtoneel optree. Rowers wat nie alle opdragte nougeset uitvoer en vreesloos optree nie, word verdink en vergeldingsaksies word teen hulle ingestel. Dit sluit in dat hulle nie weer gebruik word nie, dat hulle betrokkenheid anoniem aan die polisie gerapporteer word en dat hulle tydens ’n rooftog doodgeskiet word of op ander wyses vermoor word.

Die wyse waarop die lede geroofde geld spandeer, en hulle verhoudings met en hantering van vrouens voor, tydens en ná die rooftog, word in ag geneem. Dit is nodig sodat hulle nie agterdog wek nie en om te voorkom dat inligting uitlek. Dit is belangrik dat groeplede nie uitpraat of inligting oor ’n beplande of uitgevoerde rooftog laat uitlek nie.

Groeplede word ook gekies op grond van hulle vermoë om waar te neem en inligting te versamel en op te volg. Verkenning en agtervolging moet doelgerig uitgevoer word sonder dat daar verdag opgetree word. Geen fisiese bewyse mag op misdaadtonele agtergelaat word nie en die identiteit van die groep moet te alle tye beskerm word. Daar word van lede verwag om nie onder druk van arrestasie en ondervraging inligting bekend te maak nie.

Hoewel ’n suksesvolle transitorooftog gevier word, is soberheid tydens die beplanning en uitvoering, en na afloop van die misdaad, uiters belangrik. Geen rower wat drank of dwelms misbruik word by ’n transitogroep ingesluit nie. Bepaalde take en verantwoordelikhede word aan lede toegewys, maar soos reeds genoem, word ander take, soos die diefstal van ’n ontvlugtingsvoertuig, aan ander professionele misdadigers uitgekontrakteer.

Die leier word nie noodwendig verkies nie – die kans is groter dat die leier na vore tree. ’n Leier is dikwels ’n groeplid wat ander lede se respek verdien het en reeds inligting oor ’n moontlike transitoslagoffer ingewin het. Leiers dra reeds kennis van wapens en beskik oor kontakte wat toegang tot wapens het. Belangriker nog is dat hulle persone is wat reeds aan ’n paar suksesvolle transitorooftogte deelgeneem het. Boonop kan hulle dissipline handhaaf en beskik hulle oor goeie organisasievaardighede.

Die groep rowers vorm nooit ’n vriendekring nie en lede verkeer nie sosiaal met mekaar nie. Hulle poog om na afloop van ’n rooftog in die normale samelewing te verdwyn en nie uit te staan of as misdadigers aandag te trek nie. In ’n poging om in die samelewing te verdwyn, knoop hulle soms liefdesverhoudings aan met persone wat beroepe met ’n hoë status in die oë van die gemeenskap beklee.

6.7 Aanwending van geroofde geld

Al die gevonniste transitorowers wat ondervra is, het sowel vaste eiendom as roerende bates besit of in hulle name geregistreer gehad tydens die pleeg van die misdaad waarvoor hulle nou gevangenisstraf uitdien. Van die geroofde geld word tydens en ná die verhore gebruik om verdere eiendom onder vals identiteite te bekom. 'n Gevonniste transitorower verduidelik soos volg:

> What I can tell you is that, my age of people, I bought property even though I am in prison. If I go outside I will not sleep in the bush. I will sleep in my property.

Die vaste eiendom wat met geroofde geld bekom word, sluit in tuinwoonstelle, kleinhoewes, wonings en woonstelle in gegoede en ontwikkelende of gevestigde woonbuurte. Die rowers woon of skuil in hierdie eiendomme, of hou daar vakansie. In uitsonderlike gevalle koop hulle huise vir familielede of minnaresse. Geroofde geld word spandeer aan vakansies in die buiteland en by luukse vakansieoorde in Suid-Afrika. Duur, luukse tweedehandse motors word gekoop en groot bedrae kontant word bestee aan modieuse klere, skoene en duursame elektriese en elektroniese toerusting. Groot bedrae word ook aan prostitute spandeer. Eksklusiewe restaurante, winkels en sportkroeë word besoek en die geroofde geld word ruim aangewend.

6.8 Geen respek vir lewe nie

Alhoewel daar algemeen aangeneem word dat baie transitorowers 'n militêre agtergrond het, is die waarheid dat die meeste geen militêre opleiding gehad het nie. Verwysings na hulle militêre presisie kan daaraan toegeskryf word dat hulle hulle misdaad in die fynste besonderhede beplan. Hulle kry waarskynlik indiensopleiding in die hantering van vuurwapens en hulle vaardighede verbeter namate hulle aan meer rooftogte deelneem.

Lochner (2016) se navorsing toon dat die meeste transitorowers al betrokke was by 'n transitorooftog waartydens iemand doodgeskiet is. Transitorowers gaan uit met die absolute voorneme om te roof en enigiemand wat weerstand bied, te skiet – selfs al bring dit mee dat mense sterf. Hulle absurde verduideliking hiervoor is dat hulle uit selfverdediging optree. Die ekstreme geweld waarmee transitorooftogte uitgevoer word, word soos volg verduidelik:

> Ek het na die begeleidingsvoertuig geloop waarin die transitobeampte was en die transitobeampte doodgeskiet, want ek wou "beroemd" wees.

En

> I defeat them, and the only way to defeat them was to kill them, and in most cases to shoot them, because the chances to keep them under control are too slim.

Wapens word gebruik om persone te intimideer of om beheer oor die situasie te verkry. In sommige gevalle vuur rowers hulle wapens af om te intimideer, om aan te dui dat 'n aanval op hande is of om te sorg dat die rooftog suksesvol is. Outomatiese vuurwapens soos AK47's, R4's en R5's, en in mindere mate 9 mm-pistole of rewolwers, word gebruik. Al die rowers op die misdaadtoneel is gewapen. Na afloop van die misdaad neem hulle hul wapens

saam met hulle, of steek dit weg. Die volgende aanhaling toon duidelik watter belangrike rol vuurwapens in transitorooftogte speel:

> We carry powerful guns. It is difficult for the police to outgun us.

6.9 Omkoop van beamptes in die strafregstelsel

Polisiebeamptes is die beamptes wat die meeste deur transitorowers omgekoop word. Landdroste en aanklaers word omgekoop deur familielede of persone wat saam met die rowers misdade gepleeg het, maar nie in hegtenis geneem is nie. Die beamptes word meestal met geld omgekoop, maar soms bied die omkopers ook vaste en roerende bates soos huise, motorvoertuie en kleinhoewes aan. In die meeste gevalle word beamptes omgekoop om bewysstukke te vernietig of te laat verdwyn. Die hoofoogmerk is egter om die saakdossiere te bekom, om vas te stel wie die staatsgetuies is sodat hulle vermoor of geïntimideer kan word.

Die modus operandi-profielkenmerke van ’n transitorower as eksklusiewe misdadiger speel nie net ’n kardinale rol in die suksesvolle ondersoek van hierdie misdryf nie, maar indien dit volledig opgeteken word, kan dit help met die identifikasie van voornemende en bestaande transitorowers.

7. Opsomming en gevolgtrekkings

Die identifikasie van ’n oortreder is die belangrikste doelwit van ’n misdaadondersoek. In die ondersoek van misdaad word modus operandi as daderidentifikasietegniek gebruik om die oortreder te identifiseer. Die modus operandi van enige misdadiger bestaan uit sy of haar geïndividualiseerde tegnieke, gedrag, werkswyses of optrede tydens die beplanning en uitvoering of na afloop van die misdaad. In die meeste gevalle word die modus operandi hoofsaaklik deur ’n ondersoekbeampte, getuie, klaer of slagoffer op ’n toneel waargeneem, waarna dit gedokumenteer word.

Modus operandi-inligting oor die beplanning van ’n misdaad en die rower se optrede na afloop van die misdaad is meestal nie beskikbaar nie; slegs die misdadiger self kan dit bekendmaak. Een metode wat gebruik kan word om hierdie inligting te bekom, is om met gevonniste oortreders onderhoude te voer. Die modus operandi-inligting wat tydens sulke onderhoude bekendgemaak word, moet op ’n modus operandi-stelsel bygehou word sodat dit gebruik kan word om ander oortreders te identifiseer.

Enige modus operandi-inligting, selfs inligting wat aanvanklik onbenullig klink, moet opgeteken word. Modus operandi-inligting wat die leek as onbelangrik beskou, is dalk later die enigste inligting wat ’n professionele ondersoekbeampte kan inspan om ’n bekende of onbekende oortreder te identifiseer. Ongeag die waarde wat die leser aan die modus operandi-inligting in hierdie artikel heg, sal dit in die hande van ’n kundige, pligsgetroue en nougesette ondersoekbeampte goud werd wees.

Transitorowers kan geklassifiseer word as eksklusiewe rowers wat geen respek toon vir lewe nie en ekstreme geweld toepas om hulle doel te bereik. Hulle tree op in groepverband, en word gewerf om spesifieke take en verantwoordelikhede tydens die beplanning en uitvoering

of na afloop van die misdaad uit te voer. Wanneer die misdaad gepleeg word, laat hulle belangrike modus operandi-inligting agter. Rooftogte word deeglik beplan en baie vinnig uitgevoer, en groeplede word gewerf op grond van hulle ervaring, betroubaarheid en spesifieke vaardighede. Die deeglike beplanning van 'n transitorooftog en groeplede se nougesette optrede tydens die uitvoering van die rooftog bemoeilik die identifikasie van die rowers.

Omdat modus operandi-inligting oor die beplanning van 'n transitorooftog en die rowers se optrede na afloop van die misdaad moeilik bekombaar is, word aanbeveel dat die SAPD die moontlikheid ondersoek om modus operandi-inligting van gevonniste oortreders, veral van eksklusiewe misdadigers of rowers, te bekom. Zinn (2007, 2003) en Lochner (2016) het ook voorheen aanbeveel dat hierdie metode om modus operandi-inligting in te samel deurlopend en in beheerde omstandighede gedoen moet word.

Bibliografie

Bartol, A.M. en C.R. Bartol. 2014. *Criminal behavior: A psychological approach*. Boston: Pearson.

Becker, R. 2009. *Criminal investigation*. Boston: Jones & Bartlett.

Bell, W.R. 2002. *Practical criminal investigations in correctional facilities*. Londen: CRC Press.

Bennett, W.W. en K.M. Hess. 2004. *Criminal investigation.* Belmont: Thomson-Wadsworth.

Benson, B.C., G. Jones en J.S. Horne. 2015. Forensic investigation of crime, irregularities and transgressions. In Zinn en Dintwe (reds.) 2015.

Berg, B.L. en J.J. Horgan. 1998. *Criminal investigation*. New York: Glencoe-McGraw-Hill.

Berning, J. en D. Masiloane. 2012. The use of modus operandi forms by the South African Police Service to analyse crime. *Acta Criminologia,* 25(2):83–90.

Birzer, M.L. en C. Roberson. 2012. *Introduction to criminal investigation.* Boca Raton: CRC Press.

Dutelle, A.W. 2011. *An introduction to crime scene investigation*. Boston: Jones & Bartlett.

Flick, U. 2011. *Introducing research methodology. A beginner's guide to doing a research project*. Londen: SAGE.

Fosdick, R.B. 1916. Modus operandi system in the detection of criminals. *Journal of Criminal Law and Criminology*, 6(4):560–70.

Gilbert, J.N. 2009. *Criminal investigation*. 5de uitgawe. New Jersey: Prentice Hall.

Girard, J.E. 2011. *Criminalistics – forensic science crime and terrorism*. New York: Prentice Hall.

Jackson, A.R.W. en J.M. Jackson. 2011. *Forensic science*. 3de uitgawe. Essex: Pearson Education.

James, S.H. en J.J. Nordby. 2005. *Forensic science. An introduction to scientific and investigative techniques*. 3de uitgawe. Londen: Taylor & Francis.

Joubert, C. 2010. *Applied law for police officials*. Claremont: Juta.

Kenny, J.P. en H.W. More. 2001. *Principles of investigation*.5de uitgawe. New York: West.

Labuschagne, G. 2015. Criminal investigative analysis: An applied perspective. In Zinn en Dintwe (reds.) 2015.

Lasley, J., N. Guskos en R.A. Seymour. 2014. *Criminal investigation. An illustrated case study approach*. Saddle River: Prentice Hall.

Lochner, H.T. 2014. *Afneem van doeltreffende getuieverklarings*. Kaapstad: Juta.

—. 2016. Die gebruik van modus operandi inligting van gevonnisde kontant-in-transito-rowers in die ondersoek van kontant-in-transito-rowe. DLitt et Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Lochner, H.T. en R.J. Zinn. 2015. *Crime scene investigation*. Kaapstad: Juta.

Lochner, H.T., R.J. Zinn en J.S. Horne. (Ter perse.) *Basic investigative principles – Handy hints for investigators, lawyers and magistrates*. Kaapstad: Juta.

Marais, C.W. 1989. Die waarde van modus operandi-inligting by die ondersoek van sekere misdade. *Acta Criminologica*, 2(2):46–9.

—. 1992. *Fisiese getuienis in misdaadondersoek*. Pretoria: Henmar.

Marais, C.W. en H.J.N. van Rooyen. 1990. *Misdaadondersoek*. Pretoria: Henmar.

Maree, A. 2008. Armed robbery (bank robbery, ATM attacks and CIT heists) as part of current violent crime in South Africa. Instituut vir Strategiese Studies, Universiteit van Pretoria, 26 Augustus,.

Marshall, C. en G.B. Rossman. 2011. *Designing qualitative research*. New Delhi: SAGE.

Maxfield, M.G. en E. Babbie, E. 1995. R*esearch methods for criminal justice and criminology*. Boston: Wadsworth.

Monckton-Smith, J., T. Adams, A.G. Hart en J. Webb. 2013. *Introducing forensic and criminal investigation*. Londen: SAGE.

O'Hara, C.E. en G.L. O'Hara. 1981. *Fundamentals of criminal investigation*. Illinois: Charles C. Thomas.

Osterburg, J.W. en R.H. Ward. 1992. *Criminal investigation. A method for reconstructing the past*. 2de uitgawe. Cincinnati: Anderson.

—. 2010. *Criminal investigation. A method for reconstructing the past*. 6de uitgawe. Cincinnati: Anderson.

—. 2014. *Criminal investigation. A method for reconstructing the past*. 7de uitgawe. Cincinnati: Anderson.

Palmiotto, M.J. 2004. *Criminal investigation*. 3de uitgawe. Dallas: University Press of America.

—. 2013. *Criminal investigation*. 5de uitgawe. Dallas: University Press of America.

Pepper, I.K. 2010. *Crime scene investigation: Methods and procedures*. Glasgow: Open University Press.

Punch, K. 2014. *Introduction to social research. Quantitative and qualitative approaches.* Londen: SAGE.

Ramsland, K. 2001. *The forensic science of CSI*. New York: Berkley Boulevard Books.

SAPD (Suid-Afrikaanse Polisiediens). 2017. Crime situation in South Africa 1 April 2016 to 31 March 2017. https://www.saps.gov.za/services/final_crime_stats_presentation_24_october_2017.pdf (5 Junie 2018 geraadpleeg).

Scott, J.D. 1978. *Investigative methods*. Reston: Prentice Hall.

Siegel, J. 2011. *Contemporary issues. Forensic science at work.* New York: Rosen.

Suid-Afrika. 1977. Criminal Procedure Act 51 of 1977. Pretoria: Staatsdrukker.

Swanson, C.R., N.C. Chamelin en L. Territo. 2003. *Criminal investigation*. 9de uitgawe. New York: McGraw-Hill.

Thobane, M.S. 2014. The criminal career of armed robbers with specific reference to cash-in-transit robberies. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Turvey, B.E. 2012. *Criminal profiling*. Sitka: Elsevier.

Van der Westhuizen, J. 1996. *Forensiese kriminalistiek*. Durban: Heinemann.

Van Graan, J.G. en T. Budhram. 2015. Principles of investigations. In Zinn en Dintwe (reds.) 2015.

Van Heerden, T.J. 1986. *Inleiding tot polisiekunde*. Pretoria: UNISA.

Van Rooyen, H.J.N. 2012. *Investigate corruption*. Pretoria: Henmar.

Weston, P.B., C. Lushbaugh en K.M. Wells. 2000. *Criminal investigation*. Upper Saddle River: Prentice Hall.

Zinn, R.J. 2003. Sentenced motor vehicle hijackers imprisoned in Gauteng as a source of crime intelligence. MTech-verhandeling, Technikon SA.

—. 2007. Incarcerated perpetrators of house robberies as a source of crime intelligence. DLitt et Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

—. 2017. The policing of robbery with aggravating circumstances: Case studies of incarcerated offenders of home invasions, carjackings and cash-in-transit heists in South Africa. *Acta Criminologica: Southern African Journal of Criminology*, 30(2):12–22.

Zinn, R.J. en S.I. Dintwe (reds.). 2015. *Forensic investigation: Legislative principles and investigative practice.* Kaapstad: Juta.